

# MATIES @ NUUSBRIEF NEWSLETTER



SHARE IN OUR SOCIAL NETWORKS



flickr

## Maties se Opedag om die draai!

Vanjaar se [Maties Opedag](#) is om die draai. Op Vrydag 30 Julie kan jy die Universiteit Stellenbosch besoek om alles te kom uitvind oor studentwees in Matieland.

Die Opedag by die Langenhoven Studentesentrum, oftewel die Neelsie, is heeltemal gratis en jy kan talle stalletjies besoek om meer uit te vind oor die studierigtings wat die Universiteit bied.

Al die fakulteite sal daar wees – Regsgeleerdheid, Natuurwetenskappe, Gesondheidswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Teologie, Krygskunde en Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Maar dis nie al nie... Jy sal eerstehands kan uitvind oor koshuisverblyf, ander akkommodasie, beurse en lenings, die finansiering van jou studies, fasiliteite wat beskikbaar is vir gestremde studente, asook ondersteuningsdienste soos die biblioteek, die Sentrum vir Studentevoorigting en –ontwikkeling (SSVO), die Taalsentrum en die Eerstejaarsakademie. Jy kan ook seker maak wat die verpligte Toegangstoetse wat alle voornemende studente moet skryf, behels, en uitvind watter toelatingsvereistes vir 2011 geld.

En as jy moeg raak vir vrae vra kan jy gerus 'n kampustoer meemaak of besoek aflê by die verskillende koshuise, wat oop sal wees vir besigtiging. Kom luister ook na MFM (Stellenbosch se eie radiostasie) se uitsending langs die Neelsie en wen lekker pryse!

As 'n ekstra bonus beperk ons nie net die Opedag uitstallers tot die departemente en fasiliteite van die Universiteit Stellenbosch nie. Ander onderriginstellings uit die Stellenbosch omgewing sal ook stalletjies beman.

Hier kan voornemende skoonheidsdeskundiges by Isa Carstens Health and Skin Care Academy se stalletjie gaan aanklop om meer wys te word oor hul opleidingsprogramme. Die sportiewes kan gaan loer na die opleidingsprogramme van die Exercise Teachers' Academy of die Stellenbosch Rugbyakademie, terwyl die Stellenbosch Academy of Design & Photography, Boland Kollege en SIPS ook almal kundiges beskikbaar sal hê wat jou meer oor hul kursusse kan vertel.

IN HIERDE UITGAWE:  
IN THIS ISSUE:

maties se opedag om die draai!

new admission requirements for economic and management sciences

toegangstoetse 2011

weet jy wat om te studeer?

why not study textile and polimer science?

support for law students

access tests  
ALL YOU NEED TO KNOW

bursaries and loans

e-applications  
application for admission

## **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: Programspesifieke toegangsvereistes vir 2011**

[<< na bo](#)

Neem kennis dat die programspesifieke toelatingvereistes van die Fakulteit EBW in die proses is, om aangepas te word. Die 2011 toelatingsvereistes is nog onderworpe aan finale goedkeuring en sal amptelik op die webblad van die Fakulteit ([www.sun.ac.za/ems](http://www.sun.ac.za/ems)) en die US in Julie 2010 bekend gemaak word. U word daarop gewys dat die Fakulteit se Jaarboek (Deel 10) vir 2010 en ook enige ander bemarkingsmateriaal wat alternatiewe toelatingsvereistes aandui; in alle waarskynlikheid met onderstaande toelatingsvereistes vervang sal word vir 2011 se studente innames.

Die veranderinge behels in die breë twee dinge, nl. 'n hoër Wiskunde toelatingsvereiste vir die breë BComm-programme en voorwaardelike aanvaarding vir alle voornemende EBW-studente wat nie voldoen aan die minimum vereistes in Afrikaans en Engels nie. Volg [hierdie skakel](#) vir detail oor hierdie veranderinge.

### ***Economic and Management Sciences Changes in programme specific admission requirements for 2011***

*Please note that the programme specific admission requirements of the Faculty are presently under review. The 2011 admission requirements are still subject to final approval and will appear officially on the Faculty ([www.sun.ac.za/ems](http://www.sun.ac.za/ems)) and SU's webpages in July 2010. It's important to note that the alternative admission requirements mentioned in the Faculty's Yearbook (Part 10) for 2010, as well as in all other marketing publications, will in all probability be replaced by the undermentioned admission requirements with respect to the 2011 student intake.*

*The changes entails two things namely: a higher mathematics admission requirement in the broad BComm programmes and conditional admittance to all prospective EMS students who do not satisfy the minimum Afrikaans en English requirements. Finds more detail regarding these changes at [this link](#).*

## **Toegangstoetse 2011!**

[<< na bo](#)

Onthou dat alle nuweling eerstejaar studente die Stellenbosch Universiteit se toegangstoetse moet kom skryf. Vir meer inligting oor toegangstoetse, [klik hier](#)

Baie belangrik!

Indien jy vir 'n keuringsprogram aansoek gedoen het, moet jy jou toegangstoetse voor 'n sekere datum skryf:

Voor die einde van Augustus:

- Fakulteit Regsgeleerdheid
- BDram
- BA in Visuele Kunste
- BMus
- BA Sportwetenskappe
- BSc Sportwetenskappe
- Bed

Voor die einde van Oktober

- BRekeningkunde

## **Steeds onseker oor wat jy moet studeer?**

[<< na bo](#)

Die Universiteit se loopbaanvoorligtingsdiens is hier om te help!

Die Universiteit Stellenbosch bied 'n loopbaan- en vakkeusevoorligtingsdiens aan wat jou kan help met jou loopbaan- of vakkeusekeuse. As jy belangstel om 'n psigometriese assessering (aanleg-, belangstellings- en persoonlikheids-assessering) af te lê met 'n individuele terugvoersessie deur 'n sielkundige agterna, skakel gerus die Sentrum vir Voornemende Studente by 021 808 4709.

Skakel sommer nou!



## Wat behels Tekstiel- en Polimeerwetenskap?

[<< na bo](#)

Die Universiteit van Stellenbosch bied sedert 2003 'n program in Tekstiel- en Polimeerwetenskap aan. Tans staan dit bekend as **BSc Chemie: stroom Tekstiel- en Polimeerwetenskap**. Ons is baie opgewonde oor die groei in studentegetalle wat ons veral oor die laaste paar jaar ondervind het. Die program word ondersteun deur die SA tekstiel-industrie, wat jaarliks heelwat beurse beskikbaar stel vir voornemende en ingeskrewe studente. Hoewel die programbenaming redelik duidelik is, is daar tog soms verwarring by voornemende studente oor wat dit behels en daarom wil ons dit graag weer verduidelik: die opleiding bestaan uit 'n deeglike onderbou in Chemie en Polimeerwetenskap, wat die studie van Tekstielwetenskap uitstekend ondersteun. Die fokus is dus nie net op tekstielstowwe ("materiale" soos ons dit in klere ken) as sulks nie, maar eintlik op materiaalwetenskap in die breër sin en veral omdat studente Chemie en Polimeerwetenskap tot op 'n gevorderde stadium neem, is hulle uitstekend toegerus om dit te kan doen. Die tegniese en funksionele tekstiele wat bestudeer word sluit in tekstiele wat gebruik word in industriële, automotiewe, lugvaart, sporttoerusting en mediese omgewings en die aanwending van nano-tegnologie. Ons kyk baie ver verby die mode-industrie!

*The success of this "winning combination" (textile science & polymer science) was proven again earlier this year when our first two Masters students graduated. Their MSc projects focused on nano-technological applications in fibres. Haydn Kriel successfully developed a process for spinning core-sheath nano-fibres (<400nm in diameter!) for biomedical application with potential application in the manufacturing of artificial organs and drug-release materials. Ilana Malherbe electro-spun a fibre with a core-sheath structure, where the core contains a dye that reversibly changes colour when the temperature around it changes. These colour changing fibres can be used in smart textiles and even solar cell materials for renewable energy. Both students obtained their MSc degrees with distinction and got excellent reviews from their external examiners (both leading researchers from Europe).*



Vir meer **inligting** of **beurrsaansoeke** vir 2011, kontak:

For more **information** or to apply for **bursaries** (2011), contact:

A Gericke - [agericke@sun.ac.za](mailto:agericke@sun.ac.za). of/or 021 808 3341  
of/or [www.sun.ac.za/chemistry](http://www.sun.ac.za/chemistry).

*Learners from Leap Science and Mathematics School take a closer look at smart textiles during the Standard Bank-Maties Mathematics and Science Week earlier this year.*

## Support for Law students

[<< to top](#)

Arriving at University for the first time, at a Faculty which will be teaching you subjects and concepts that you have never had exposure to through all your years of schooling, is a very daunting experience for any student! With everything going on around you within your first few weeks, it's incredibly easy to get lost in all the activity – especially when you begin to realize that you are going to have to hit the ground running in your new challenge of studying Law. If this happens to you – Don't Panic – help is at hand.



The Faculty of Law's Coordinator: Student Support, Mr. Bradley Greenhalgh, is available to assist all Law students with any queries or difficulties they might have in adapting to life at the University, and the Faculty of Law. His role is to

either offer advice in regards to aspects of academic progress (including study tips, exam preparation and adjusting to Law as an academic course), or assist students with any problems external to that of academics, by either facilitating access to the various University support structures, or where possible, cultivating a support mechanism within the realm of the Law Faculty.

Should you be struggling with anything, no matter how insignificant you might think it is, you are encouraged to approach Bradley and allow him to determine the best possible manner in which assistance can be provided. His office is located in Room 2025, Ou Hoof Gebou, Faculty of Law.

# UPCOMING EVENTS

**31 Mei**

**Sluitingsdatum vir aansoeke tot Gesondheidswetenskappe**

**12 Junie**

**Toegangstoetse begin**

**13 - 17 Junie**

**Maties Natuurwetenskappe Winterweek**

**31 Junie**

**Sluitingsdatums vir aansoeke vir koshuisinwoning en spesifieke keuringsprogramme**

**30 Julie**

**Universiteit Stellenbosch Opedag**

Please do not reply to this email address

Please email any queries to: [maties@sun.ac.za](mailto:maties@sun.ac.za)

[Kanselleer ontvangs / Unsubscribe](#)